# Muratie dagstap 2023

| **ROETE:** | Sirkelroete op plaas | **DATUM:** | 24 Junie 2023 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Volgens ons program sou ons in Sosyskloof gaan stap het, maar Jonkershoek reservaat is steeds gesluit na afloop van die onlangse vloede. Ons maak nuwe planne om by Muratie, tussen Klapmuts en Stellenbosch te gaan stap, want almal is gretig om ’n slag in die veld te kom. 12 stappers arriveer by die pragtige plaas wat dateer uit 1699. Die Simonsberg-roete is bekend vir die volmaanstap, maar is ook elke dag oop vir stappers. Benewens die 3.5km gemaklike staproete wat pragtige uitsige oor die vallei bied, is daar ook verskeie bergfietsroetes. Die uitleg is slim gedoen sodat die stappers en fietsryers nie vir mekaar ’n gevaar is nie. Ons hou lekker piekniek na ’n uur se stap en keer dan met die sirkelroete terug na die Dirtopia kantoor. Almal geniet ’n lekker warm koppie koffie in die wynproelokaal. Sommiges sien selfs kans vir soetwyn. Alhoewel dit nie ’n uitdagende stap was nie, het almal die vars lug, pragtige veld en die samesyn geniet. Klimhoogte: 150m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Mariette Nortjé | 2023063 | R 5 | 4 | |
| Gerrit Norté | 2023062 | R 5 | 4 | |
| Amanda Matthee | 2023045 | R 5 | 4 | |
| Arina van Eck | 2023147 | R 5 | 4 | |
| Arrie van Eck | 2023148 | R 5 | 4 | |
| Miranda Myburgh | 2023092 | R 5 | 4 | |
| Hanna Jacobs | 2023140 | R 5 | 4 | |
| Freddie Pohl | 2023090 | R 5 | 4 | |
| Susan Pohl | 2023091 | R 5 | 4 | |
| Jeanette Kriel | 2023163 | R 5 | 4 | |
| Alana van Rensburg | 2023075 | R 5 | 4 | |
| Jan Jurie | Gas | - | 4 | Alana se kleinseun |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 55** | **48** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Amanda |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Mariette Nortjé |
|---|---|